SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# NUUSBRIEF 10 van 2026

08 Mei 2026

## NSS 2026 KONSEPEKSAMENROOSTER GELEENTHEID OM KOMMENTAAR IN TE DIEN

SAKAI het reeds met die toepaslike onderwysowerhede rakende die konseprooster gekonsulteer en versoek nou terugvoering  van die SAKAI geregistreerde instansies rakende die konsep NSS-eksamenrooster vir 2026 (klik hier om die voorlopige rooster te sien). Instansies word versoek om die konseprooster deeglik te ondersoek, en om oorwoë en gemotiveerde terugvoering voor of op **15 Mei 2026** op hierdie skakel in te dien.

## GRAAD 12 SBA's VROEËR INDIENING VEREIS DEUR UMALUSI

Umalusi het SAKAI ingelig dat al die graad 12 SBA-punte baie vroeër as voorheen ingedien moet word. Alle aanduidings dui op die einde van September 2026. Aangesien die gemeenskaplike SAKAI Voorlopige-eksamen op Maandag, 17 Augustus 2026 begin en op Donderdag, 10 September 2026 eindig, behoort instansies te kan voldoen. Ons is bewus daarvan dat dit sommige instansies onder druk kan plaas, maar ons is oortuig dat die vroeë waarskuwing alle instansies in staat sal stel om die nodige prosesse in plek te kry.

## GRAAD 9 GESTANDAARDISEERDE TOETSING

1. **Waarom is SAKAI gestandaardiseerde toetse nodig?**
    a. As geakkrediteerde assesseringsliggaam by Umalusi, moet SAKAI formeel kan bevestig dat alle leerders in die VOO-fase aan die nasionale beleid insake bevordering van een graad na die volgende voldoen het, d.w.s. dat hulle objektief in graad 10 hoort.
    b. Verskeie ouers kan nie tydens die registrasieproses vir graad 10 geloofwaardige rapporte of assesseringsverslae voorlê wat objektief bewys dat die leerder werklik graad 9 geslaag het nie.
    c. Dit word algemeen aanvaar dat provinsiale departemente van onderwys (PDO'e) dit onmoontlik vind om aan die volgende vereistes ingevolge die SA Skolewet, 1996 (soos gewysig) te voldoen –
        i. Artikel 51(2)(iii) (bb) en (iv), d.w.s. formele bevestiging deur die PDO aan die einde van elke fase dat die tuisonderrigleerder se akademiese prestasie op 'n standaard is wat nie laer is as die nasionale beleid insake slaagvereistes is nie.
        ii. Artikel 51(9), d.w.s. aan die einde van graad 9 dat die tuisonderrigleerder ten volle voldoen aan regulasie 7(4A) van die Regulasies rakende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.

d. SAKAI het ernstige bedenkinge of alle assessors –
   i. Voldoen aan die definisie van 'n "bevoegde assessor" soos gedefinieer in die SA Skolewet, met spesifieke verwysing na SARO-registrasie;
   ii. Werklik bekwaam is om objektief vas te stel of 'n tuisonderrigleerder aan die einde van graad 9 voldoen aan die slaagvereistes vir al nege (9) vakke; en
   iii. As 'n vakspesialis in al nege vakke beskou kan word.

## 2. Watter vakke sal in die gestandaardiseerde SAKAI-toetse geassesseer word?

a. Die oogmerk is om twee vakke op werklik graad 9-vlak te assesseer, naamlik:
   i. English Home Language of Afrikaans Huistaal; en
   ii. Wiskunde.

b. Gebaseer op die onderwyskundige afleidings wat uit die PIRLS- en TIMSS-toetse gemaak kan word, sal die uitkomste die volgende doelwitte dien:
   i. Om opvoeders en instansies te help verstaan hoe goed leerders na nege jaar formele skoolopleiding kan lees en wiskundige berekeninge kan doen;
   ii. Om kennis- en bevoegdheidsleemtes ten opsigte van 'n leerder se vermoë om die akademiese uitdagings in graad 10 te bemeester, te identifiseer;
   iii. Om interne onderrig- en assesseringsbenaderings te verbeter;
   iv. Om 'n basis te bied vir die ontwikkeling van 'n leerder se individuele ondersteuningsprogram; en/of
   v. Om vas te stel of dit in die beste belang van 'n leerder is om vir graad 10 te registreer.

## 3. Wanneer sal die gestandaardiseerde toetse geïmplementeer word?

SAKAI sal voldoening vereis met ingang van November 2026, aangesien Umalusi vereis dat SAKAI formeel moet kan bevestig dat alle leerders in die VOO-fase aan die vereiste minimum leerstandaarde, verwagtinge en slaagvereistes van die voorafgaande grade voldoen.

## 4. Wat is die fokus van die SAKAI gestandaardiseerde toets?

Soos hierbo vermeld, sal die fokus wees om te verseker dat al die assesserings in die twee vakke op 'n eenvormige wyse gemerk en gemodereer word om die vergelyking van prestasie tussen individue, groepe en instansies moontlik te maak. Die SAKAI-toetse is ontwerp met voorafbepaalde standaarde en prosedures om billikheid, betroubaarheid en vergelykbaarheid te verseker, met die doel om leerderkennis, kognitiewe vermoë of aanleg te meet.

## 5. Sal die gestandaardiseerde toetse vir sertifiseringsdoeleindes gebruik word?

Nee, soos onder vraag 2 hierbo gestel, sal die fokus wees om instansies in staat te stel om die onderwyskundige gevolgtrekkings soos gespesifiseer te kan maak, met spesifieke verwysing om te bepaal of aan die vereiste minimum leerstandaarde en verwagtinge voldoen word. In 'n groot mate sal die uitkomste ook aanspreeklikheid van vroeëre instansies of tutors vestig en veral, rakende die kwaliteit van leer en onderrig gedurende die fases voor die VOO-fase.

## 6. Sal alle graad 9- of 10-leerders verplig wees om die gestandaardiseerde toetse te skryf?

Die volgende sal in hierdie verband van toepassing wees:

a. 'n Leerder wat 'n geloofwaardige rapport van 'n geloofwaardige instansie indien, kan vrygestel word.

b. Leerders onder die volgende voorwaardes sal verplig word om die toetse af te lê:
   i. As 'n geloofwaardige rapport nie ingedien kan word nie;
   ii. As die geloofwaardigheid van 'n assessor se verslag in twyfel is; of

iii. As 'n assessor se verslag nie ingedien kan word nie.

7. **Sal instansies toegelaat word om te versoek dat alle leerders in graad 9 of 10 die gestandaardiseerde toetse mag skryf?**
   Dit word eintlik aanbeveel dat alle leerders die toetse afneem aangesien waardevolle onderwyskundige gevolgtrekkings uit die uitkomste van die assesserings gemaak kan word, d.w.s. om leergapings, sterkpunte en areas wat verbetering benodig te identifiseer, en wat dan geteikende akademiese ondersteuning moontlik maak. Sulke gevolgtrekkings sal die instansie in staat stel om sy onderrig- en assesseringsprogram aan te pas om sekere uitkomste te bereik, mits daar nie 'n afwyking van die minimum KABV-assesseringsprogram sal wees nie.

8. **Sal werklike eksamenskryfvoorwaardes vereis word?**
   Dieselfde eksamenskryfvoorwaardes as dié wat op die formele SAKAI-gemeenskaplike eksamens van toepassing is, moet toegepas word ten einde die geloofwaardigheid van die uitkomste te verseker, met spesifieke verwysing na die sekuriteit en vertroulikheid van die vraestelle voor die eksamen, toetsdatums en -tye, sitplekplanne en toesighouding.

9. **Hoe gaan die toetse nagesien word**?
   Die volgende benadering sal van toepassing wees:
   a. Instansies sal verantwoordelik wees vir die nasien.
   b. SAKAI sal 'n gestandaardiseerde nasienriglyn (memorandum) verskaf.
   c. 'n Aanlynbespreking insake nasienriglyne sal vir alle instansies gehou word.
   d. Alle nasiening moet voldoen aan die SAKAI-beleid, met spesifieke verwysing na vakspesialiste.
   e. SAKAI se modereringsbeleid moet nagekom word.
   f. SAKAI sal sy reg uitoefen om antwoordskripte aan te vra vir 'n tweede rondte van moderering.

## OORLOG IN DIE MIDDE-OOSTE: WAT IS DIE POSISIE VAN KANDIDATE MET BETREKKING TOT DIE FINALE NSS-EKSAMEN?

Verskeie instansies met internasionale studente het met inagneming van die beperkings op gereelde vlugte en verwante kompleksiteite by SAKAI navraag gedoen oor die posisie van sulke kandidate.

SAKAI het hieroor navraag by Umalusi gedoen en die volgende antwoord is ontvang:
Met betrekking tot die Regulasies rakende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat Eksamens, afgekondig ingevolge die Nasionale Onderwysbeleidwet, 1996:

- (a) Slegs kandidate wat kinders van diplomate is of (b) kandidate wat amptelik die Republiek van Suid-Afrika in sport- of kulturele byeenkomste verteenwoordig, mag die eksamen buite die grense van Suid-Afrika skryf; en
- Geen toegewings of alternatiewe eksamenreëlings vir kandidate wat nie kan reis nie as gevolg van geopolitieke onstabiliteit, reisbeperkings of soortgelyke omstandighede, is toelaatbaar nie.